

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 50: Ki Tavo (תבואה כי) Wanneer Jy Binnegaan

Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהודה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly..... Deut. 26:1 – PWL¹

Torah : Deut. 26:1 tot 29:8

Haftarah: Jes. 60:1 tot 22

Nuwe Verbond: Luk. 6:38; Luk. 21:1 tot 4; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Tim. 5:17 en 18; Matt. 5:17 tot 19; Joh. 14:15; Rom. 3:31; Rom. 7:12 en 14; 1 Joh. 2:3 tot 6; Open. 12:17; Open. 14:12; Open. 22:14; Matt. 5:16; Joh. 17:11 en 14; Fil. 2:15; Titus 2:14; 1 Pet. 2:9 en 12; Rom. 1:18; 2:6 tot 11; 2 Kor. 5:10; Open. 20:11 tot 15; Open. 22:11 tot 15.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 50 wat afgelaai kan word by: [Parashah50Notas14](#) of by [Parashah50Notas15](#).

There are two ways to fail. To do without thinking and to think without doing – Kalman Packouz.

When all is said and done, the life of faith is nothing if not an unending struggle of the spirit with every available weapon against the flesh – Dietrich Bonhoeffer.

If you board the wrong train, it is no use running along the corridor in the other direction – Dietrich Bonhoeffer.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Midrash (Torah Bespreking)

Yom Teruah of Rosh HaShanah.

Vandag beveel יהוה, jou God, jou om hierdie reëls en wette na te kom. Jy moet daarom versigtig wees om hulle met jou hele verstand, wil en emosie en jou hele gees en lewe te doen. Jy het vandag verklaar dat יהוה jou God is en dat jy in Sy paaie sal loop en Sy reëls, opdragte en wette sal gehoorsaam en na Sy stem sal luister en dit doen. Deut. 26:16 en 17.

Indien ons verklaar dat YHVH ons God is moet ons versigtig wees om al YHVH se reëls en wette soos dit in Yeshua volbring is met ons hele verstand, wil en emosie, asook met ons hele gees en lewe te ghoorsaam. Daarom moet ons seker maak dat ons nie die leerstellings van mense gehoorsaam nie, maar wel al die onderrig en instruksies van YHVH! Dit geld ook ten opsigte van YHVH se Vasgestelde Tye (Feestye).

Die kern van hierdie week se parashah gaan oor die keuse wat elkeen het, naamlik: Gaan jy met 'n liefdevolle en dankbare hart gehoorsaam wees aan YHVH se Vaderlike onderrig, Sy Torah? En nog belangriker! Begeer jy om terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua Messias volbring is, of gaan jy volhard in die Torah van Moses soos deur Rabbynse Judaïsme wat Yeshua verwerp, geleer word?

Diegene wat die kalender van Rabbynse Judaïsme volg is met die lees van hierdie week se parashah steeds in die tyd van *teshuvah* – die veertig dae van selfondersoek wat die voorbereiding is vir die laaste jaarlikse Vasgestelde Tye (Feestye) van YHVH, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah* ook bekend as *Rosh HaShanah*), Fees van Versoening (*Yom Kippur*, ook bekend as die Groot Versoendag) en laastens die Fees van Tabernakels (*Sukkot*).

In die lig van bogenoemde moet elkeen wat deel is van die Messiaanse Beweging eerstens vra hoe moet die Vasgestelde Tye van YHVH gedenk word. Volgens die Torah van Moses en volgens wat Rabbynse Judaïsme bygevoeg het, of volgens die Torah van Yeshua? Moet die klem op die fisiese of op die geestelike wees? Almal behoort saam te stem dat die fokus op Yeshua Messias moet wees en hoofsaaklik op die geestelike betekenis van dit wat YHVH deur Yeshua vir ons reeds gedoen het, steeds doen en nog sal doen in die totale plan om alles te herstel soos wat dit was voor die sondeval.

Maan- versus sonkalender

Tweedens moet elkeen vra of die huidige kalender van Rabbynse Judaïsme wel YHVH se kalender is soos dit aan Moses gegee was? Het jy jouself al hierdie vraag gevra? Volg jy die kalender van Rabbynse Judaïsme blindelings sonder om te vra of dit nie dalk 'n kalender is wat deur die voorvaders van Judaïsme ingestel was nie?

Die huidige kalender van Rabbynse Judaïsme is 'n maankalender waar een omwenteling van die maan om die aarde gelyk is aan een maand.

Daar is egter meningsverskil oor hoe die begin van 'n nuwe maand volgens die stand van die maan bepaal word. Rabbynse Judaïsme volg die maankalender soos deur Rabbi Hillel II vasgestel is en waar die begin van 'n nuwe maand vooruit bereken word. Hiervolgens is die begin van die nuwe maand wanneer die maan in die donkerfase (donkermaan, konjunksie) is.

Die Karaiete bepaal die begin van die nuwe maand egter deur die fisiese waarneming van die eerste strepie (sekelmaan; *sliver*) van die maan vanuit Jerusalem (Israel) kort na sononder, en

daarom kan die datums nie vooruit vasgestel word nie. Wanneer die sekelmaan die eerste keer waargeneem word, word die begin van die nuwe maand ‘aangekondig’. Daar kan dus ‘n verskil van ‘n dag of twee wees tussen die begin van die nuwe maand volgens Rabbynse Judaïsme en volgens die Karaiëte.

Die Sanhedrin van Jerusalem het egter onlangs erken dat die Karaiëte reg is en dat dit voorheen die wyse was hoe die begin van die nuwe maand bepaal moet word². Daarom het hulle onlangs ‘n ‘kleedrepitiese’ gehou om die begin van die nuwe maand volgens die waarneming van die eerste waarneming van die sekelmaan te bepaal.

Maar is die maankalender YHVH se kalender? Is dit die kalender wat Moses gevolg het? Die antwoord is ‘nee’, want daar is bewys dat die oorsprong van die maankalender met die huis van Juda se Babiloniese gevangenskap verbind word. Daarom moet ons beseft dat daar goed gefundeerde bewys is dat YHVH se kalender wel ‘n sonkalender is. Hierdie kalender is nie die Gregoriese kalender wat tans wêreldwyd gebruik word nie, maar ‘n sonkalender van 364 dae³. Daar is tans nog meningsverskille oor hoe hierdie sonkalender gebruik moet word, veral ten opsigte van die vasstelling van die begin van die nuwe jaar. Dit is egter nie ‘n bespreking wat nou verder gevoer gaan word nie, want die bedoeling is slegs om by die leser ‘n bewustheid van hierdie feit te skep en te waarsku dat Rabbynse Judaïsme nie slaafs nagevolg moet word nie!

Is *Ros HaShanah* Skriftuurlik?

Derdens is die vraag: Gaan jy saam met Rabbynse Judaïsme die Vasgestelde Tyd van Trompette (*Yom Teruah*), ook as *Rosh HaShanah*, gedenk? Vind ons *Rosh HaShanah* in die Torah van Moses?

Die Vasgestelde Tyd van Trompette staan ook bekend as die Fees van die Basuin, die Fees van Shofar en in Hebreeus as *Yom Teruah*. Hoewel daar meestal van die Fees van Trompette gepraat word, is dit meer korrek om te verwys na die Fees van Shofar, want dit was die ramshoring (*shofar*, basuin) wat op hierdie gedenktag geblaas word. Dit is ‘n gedenktag deur basuingeklank, naamlik die blaas van die shofar. Hoewel daar nie gesê word wat gedenk moet word nie, is hierdie dag bekend as die Fees van Shofar (Basuine, Trompette).

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus. Dit is ‘n gedenktag deur die blaas van die ramshoring (*shofar*), ‘n afgesonderde byeenkoms. Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan יהוה ‘n offer, deur vuur.’” Lev. 23:23 tot 25

² Sanhedrin Performs Rare Biblical Commandment Not Seen For 2,000 Years. <http://www.breakingisraelnews.com/63610/sanhedrin-performs-rare-biblical-commandment-not-seen-2000-years-jewish-world/#1yHV2XczPH2T9SYb.99>

³ Vir diegene wat dit wel verder self wil ondersoek is ‘n goeie begin die volgende artikel: *Prof. Rachel Elijor explains how the sages invented Judaism as we know it*. Hierdie artikel is beskikbaar by: <http://www.jpost.com/Magazine/Features/From-the-sun-to-the-moon>. Prof. Elijor, ‘n Israëliese professor in Joodse Filosofie by die *Hebrew University of Jerusalem*, sê ondermeer die volgende: *For centuries the Israelites had marked time according to a solar calendar drawn up by the priestly caste but regarded as divinely inspired*.

Die volgende artikel deur Rob Moore kan ook aanbeveel word: *What Calendar Did Moshe Keep – What is the “Ancient Path”?* <http://www.inthatday.net/?s=What+Calendar+Did+Moshe+Keep>

Die letterlike betekenis van *teruah* is om 'n groot geraas te maak. Hierdie kan die geraas van 'n trompet of shofar beteken, maar kan ook verwys na die geraas wat 'n groot groep mense maak wat gesamentlik hardop uitroep! 'n Voorbeeld hiervan is in Jos. 6:5.

Dit sal wees, as julle die geluid van die horing hoor wanneer hulle 'n lang klank op die ramshoring blaas (Tekiah), moet die hele volk hard uitskreeu van vreugde en die stadsmuur sal plat inval en die volk moet ingaan, elke man reg vorentoe.

Die werkwoord *ruah* verwys dikwels na die gesamentlike luidkeelse groep van YHVH se volk.

Al die volke, klap julle hande! Skreeu (ruah) dit uit tot God met 'n klank van triomferende vreugde. Ps. 47:2.

Vir die musikleier: 'n gedig met instrumentale musiek; 'n lied. Roep uit (ruah) tot eer van God, alle lande! Ps. 66:1.

Volgens YHVH se kalender vind die Fees van Shofar op die eerste dag van die sewende maand plaas, maar volgens die kalender van Rabbynse Judaïsme is hierdie die eerste dag van die eerste maand Tishri. Hiervolgens word Yom Teruah dus op die eerste dag van die nuwe jaar volgens Rabbynse Judaïsme gedenk en is daarom bekend as *Rosh HaShanah* wat *die kop van die jaar* beteken. Hierdie is egter teenstrydig met wat Torah ons leer, naamlik dat YHVH se kalender op die eerste dag van die eerste maand bekend as Nissan begin.

יהוה het met Moshe en Aharon in die land van Mitzrayim gepraat en gesê: "Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. Ex. 12:1 en 2.

Volgens Rabbynse Judaïsme se kalender is YHVH se sewende maand van die jaar dus die eerste maand van die nuwe jaar! Verwarrend?! Rabbynse Judaïsme regverdig hulself deur *Rosh HaShanah* te beskou as die geboortedag van die wêreld op grond van die eerste Hebreuse woord in Gen. 1:1 wat lees *b'reshiyth* Indien hierdie woord omgedraai word lees dit *Aleph b'Tishri* wat *die eerste van Tishri* beteken. Op hierdie dag, so word geglo, het YHVH Sy skepping voltooi. Daar is egter geen Skriftuurlike bewys daarvoor nie, veral indien in aanmerking geneem word dat YHVH die maande van die jaar nie name gegee het nie, maar dit slegs numeries aangedui het.

Hierdie feit is duidelik volgens Levitikus 23 en Numeri 28:16 tot 31. Dit was gedurende die Babiloniese ballingskap wat die wysgere van ouds die Babiloniese name vir die maande van die jaar begin gebruik het. Die Jerusalem Talmud bevestig dit: "The names of the months came up with them from Babylonia." (Jerusalem Talmud, Rosh Hashanah 1:2 56d).

Ten spyte daarvan dat YHVH se Torah baie duidelik in Ex. 23:13 sê dat ander gode se name nie eers genoem mag word nie, het Judaïsme byvoorbeeld die vierde maand van hulle burgerlike kalender die afgodsnaam Tammuz gegee. In Esegïel lees ons die volgende aangaande wat YHVH die profeet aangaande Tammuz gewys het:

Toe het Hy my gebring na die noordelike ingang van die poort van die huis van יהוה en let op, vroue het daar gesit en huil vir Tammuz. Hy sê vir my: "Het jy dit gesien, seun van 'n mens? Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien as hierdie." Eseg. 8:14 en 15.

Wat hier beskryf word is die aanbidding van die afgod Tammuz in die tempel. Volgens Babiloniese mitologie is Tammuz tydens 'n 'n jagtog deur 'n wildevarke verskeur. Dit was dan jaarliks die gebruik om sy dood te beween met gepaardgaande tempelprostitusie. Na hierdie weentydperk het Tammuz, so was geglo, uit die dood opgestaan.

Sommige van die Babiloniese name vir die maande verskyn wel in die Tanakh, maar gaan dan altyd gepaard met die numeriese vir die betrokke maand, soos byvoorbeeld in Ester 3:7

In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Agashverosh, het hulle die lot voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand. Toe op die twaalfde maand, dit is die maand Adar.

'n Verdere invloed wat die Babiloniese ballingskap gehad het, was op die viering van *Yom Teruah* as 'n nuwejaarsfees. Aangesien die Babiloniërs 'n maankalender gevolg het, en aangesien hulle nuwejaarsfees van *Akitu* (*Akitum* – *die oes van die gars*) op die eerste van die Babiloniese maand Tishri gedenk was, het dit die weg gebaan om *Yom Teruah* as 'n 'Joodse Akitu' te gedenk. Die feit dat die Torah nie 'n duidelike rede gee vir die viering van *Yom Teruah* nie, het dit makliker gemaak vir die Rabbies om van *Yom Teruah* na *Rosh HaShanah* om te skakel!

Dit is dus 'n geskiedkundige feit dat die ontstaan van *Rosh HaShanah* in Babilon was en dat dit 'n afgodsfees is wat 'gejudaïeser' is. Gedurende die vierde eeu voor Messias, toe die Jode na Jerusalem teruggekeer het om die tweede tempel te bou, was die gebruike en betekenis van *Rosh HaShanah* reeds goed gevestig gewees. Babilon het nog vir vele jare die sentrum van Judaïsme gebly en dit was waar die Babiloniese Talmud ontstaan het.

Nehemia Gordon van die Torahgetroue Karaiete skryf die volgende:

It is outright bizarre to celebrate Yom Teruah as New Years. In contrast to Babylonian paganism, the Torah does not say or imply that Yom Teruah has anything to do with New Years. On the contrary, the Feast of Sukkot (Booths), which takes place exactly two weeks after Yom Teruah, is referred to in one verse as “the going out of the year” (Exodus 23:16). This would be like calling January 15 in the modern Western calendar “the going out of the year”. the Torah would not describe Sukkot in this manner if it intended Yom Teruah to be celebrated as a New Years (How Yom Teruah Became Rosh Hashanah en is beskikbaar by <http://www.nehemiaswall.com/yom-teruah-day-shouting-became-rosh-hashanah>).

Die meeste hedendaagse Jode ken hierdie Vasgestelde Tyd van YHVH as *Rosh HaShanah* en nie as *Yom Teruah* nie. Rabbynse Judaïsme glo dat God se oordeel op *Rosh Hashanah* die verloop van die nuwe jaar gaan bepaal. Daarom word hierdie dag gekenmerk deur beide vreugde en somberheid. Soos reeds genoem word *Rosh HaShanah* beskou as die geboortedag van die wêreld. Op hierdie dag, so word geglo, het YHVH Sy skepping voltooi.

Indien ons egter die afgode oorsprong van *Rosh HaShanah* besef, en dit steeds gedenk, dan mis ons die doel en betekenis van *Yom Teruah*!

Slotsom: *Rosh HaShanah* is nie deel van YHVH se Vasgestelde Tye nie! Laat ons hou by die waarheid soos in Torah opgeteken is, want *Rosh HaShanah* is die bewys van hoe Rabbynse Judaïsme by Torah kan byvoeg en wegneem!

Soos die Christendom ‘n heidenfees ‘verchristelik’ het en dit kersfees genoem het; net so het die Jode ‘n heidenfees ‘gejudaïeser’ en dit *Rosh HaShanah* genoem.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4.

Gaan uit haar – uit die Christendom en uit Rabbynse Judaïsme – uit my volk!! Yeshua het gesê dat as ons in Sy Woord bly, is ons sy dissipels en dan sal die waarheid ons vrymaak!

Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: "As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak." Joh. 8:31 tot 32.

Bepeins of Bespreek.

1. Ons het vir jare die geestelike leiers van die Christendom blindelings gevolg sonder om vrae te vra en self hulle leerstellings te ondersoek. Nou gebeur dieselfde met gelowiges wat Rabbynse Judaïsme blindelings volg! Die Engelse gesegde vir so iets is: *To jump out of the pan into the fire!* Onthou wat Paulus in 2 Tim. 2:15 aan Timotheus geskryf het – ons moet YHVH se woord van die waarheid reg sny!!
2. Ten opsigte van Rabbynse Judaïsme openbaar sommige die gesindheid van: *I have made up my mind, don't confuse me with the facts!* En dan word daar ook dikwels gesê dat ons terwille van eenheid die huis van Juda moet volg. In die lig hiervan kan ons dan ook terwille van eenheid saam met die Christendom kersfees vier! Is dit wat die Vader van ons verwag? Is eenheid sonder die absolute waarheid van Yeshua ware eenheid in YHVH?
3. Torah to the Tribes het ook ‘n lering oor die kalender van YHVH. Dit is beskikbaar as ‘n Youtube video by: <https://www.youtube.com/watch?v=nwjT3ulFSom&feature=youtu.be> of as MP3 oudio by: <https://www.torahothetribes.com/wordpress/wp-content/uploads/2015/05/Community-Calendar-Conversation.mp3>

Die Geestelike Betekenis van Yom Teruah

‘n Belangrike kenmerk van *Yom Teruah* is, soos reeds genoem, die blaas van die ramshoring (*shofar*, basuin). Daarom staan hierdie fees ook bekend as die dag van die Groot Ontwaking deur die blaas van die shofar. Nie alleen is dit ‘n oproep om uit ons geestelike slaap wakker te word nie, maar verwys dit ook na die opstanding van die wat in Messias gesterf het en wat dan saam met die geregverdigdes wat nog lewe weggeraap (weggevoer) sal word.

¹³*Broers, ek wil hê dat julle moet weet dat julle nie moet rou oor die wat dood is soos die res van die mensdom wat geen versekerde verwagting het nie,*

¹⁴*want as ons vertrou dat Yeshua gesterf en opgestaan het, dan net so, dat God die wat in Yeshua dood is, saam met Hom bring,*

¹⁵*want dit sê ons vir julle na aanleiding van die boodskap van ons Meester, dat ons wat in die lewe oorbly wanneer ons Meester kom, die wat dood is, nie sal vóór wees nie,*

16 want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met 'n bevel, met die stem van die hoof engel en met die geklank van die trompet van God en dié wat in Die Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan

17 en dan sal ons wat nog in die lewe is, saam met hulle as een in die wolke ingedra word na 'n ontmoeting met ons Meester in die lug en op die manier sal ons vir altyd by ons Meester wees.

18 Versterk mekaar daarom met hierdie boodskap.

1 Thess. 4:13 tot 18.

Die Fees van Trompette is dus 'n herinnering en oproep om uit ons geestelike slaap wakker te word en die werke en begeertes van die vlees te los. Die basuingeklank is 'n oproep om terug te keer tot 'n lewe as geregverdigde en 'n lewe van afsondering (heiligmaking) deur gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is. Dit is ook 'n herinnering om geduldig op die uitkyk te wees, want Yeshua se wederkoms is naby.

Julle moet ook net so geduldig wees, versterk julle verstand, wil en emosie, want die koms van ons Meester kom nader. Jak. 5:8.

Ons weet nie die dag en die uur van Yeshua se koms nie, maar ons kan die seisoen waarneem. Daarom moet ons besig wees met die dinge wat YHVH behaag sodat ons vlekkeloos bevind mag word met die blaas van die laaste basuin. Die basuin se geroep herinner ons om altyd gereed te wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur wat ons dit nie verwag nie

36 maar wat betref daardie dag en die uur weet niemand nie, selfs nie die boodskappers van die hemel nie, maar slegs die Vader alleen,

37 maar net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees,

38 want net so was hulle voor die vloed; hulle het geëet en gedrink, vroue en mans gevat, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het

39 en nie verstaan het voordat die vloed gekom en almal weggevat het nie. Net so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

40 Dan sal daar twee in die veld wees; die een sal weggelei word en die een sal gelos word.

41 Twee vroue sal in die meulhuis maal; die een sal weggelei word en die een sal gelos word.

42 Word dan wakker omdat julle nie weet watter uur julle Meester kom nie,

43 maar weet dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd die dief sou kom, sou hy wakker gewees het en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie;

44 daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom daardie uur wat julle dit nie verwag het nie.

Matt. 24:36 tot 44.

Laat ons dus nie die woorde in Open. 22:12 tot 14 vergeet nie:

“Let op, Ek kom dadelik en My beloning is by My en Ek sal vir elkeen gee volgens sy dade. Ek is Alef en Ek is Tau, die Eerste en die Finale, die Oorsprong en die Afhandeling. Geseënd is dié wat Sy opdragte gehoorsaam, want hulle sal outoriteit hê om te gaan na die boom van die lewe en sal ingaan deur die poorte in die stad in

Yom Teruah is ook 'n herinnering om ons voor YHVH te verootmoedig en te vra dat Sy Gees ons harte ondersoek sodat ons seker kan wees dat ons *vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede* (2 Pet. 3:14). Herinner mekaar ook aan die genade van

sondevergifnis deur die kosbare bloed van Yeshua. Onthou: Yeshua se wederkoms is naby en die tyd vir vergifnis en versoening is nou!!!

Bepeins of Bespreek

1. Yom Teruah is die dag waarop ons ‘luidkeels’ verklaar wie YHVH ons God is. Ons maak hierdie ‘n innerlik waarheid sodat dit ‘n lewende, praktiese deel van ons daaglikse realiteit word. God is Oppermagtig. God is die Skepper. God is die Onderhouer. God is die Toesighouer. Kortliks, YHVH-God is die Koning van die heelal. Op die dag verklaar ons ook dat Yeshua is die Gesalfde Een aan wie YHVH alle gesag gegee het.
2. Vir baie van ons bring die idee van “koning” denkbeelde van ‘n gierige, en magbehepte despoot wat die massas wil onderdruk vir sy eie gewin. Volgens die Afgesonderde Skrifte is ‘n koning eerstens ‘n dienaar van die volk. Sy enigste belang is om te sien dat die volk in die shalom (vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid) van die koning se voorskrifte leef. YHVH se Torah is slegs tot voordeel vir Sy volk, nie vir Homself nie.

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.